## AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 26 NOVEMBER 2023

**SES EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD**

# GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Vir 'n geseënde Adventtyd***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Markus 13:24-37; Jesaja 64:1-9;**
**Psalm 80:1-7, 17-19; 1 Korintiërs 1:3-9**

| SONDAG, 26 NOVEMBER | |
|---|---|
| | POSDAG<br>DANKBAARHEIDSONDAG |
| 09:00 | Oggenddiens – Amira Willighagen<br>Deuroffer ten bate van: Predikantebegeleiding<br>Erediensspan 1 – Lorraine Louw |
| 09:00 | Kleuterkerk – Gradeplegtigheid in kerk |
| GEEN | Kinderkerk |
| • | **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens |
| • | **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |
| 19:00 | KERSSANGDIENS: **Onthou asb die kerse!** |
| **MAANDAG, 27 NOVEMBER** | |
| 18:00 | Kooroefening |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 28 NOVEMBER** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 29 NOVEMBER** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |

| DONDERDAG, 30 NOVEMBER |
|---|
| 09:30 Dienssentrum vir Seniors<br><br>Sopbeurte: Rosa Brand, Marita Pienaar, Hannelie Viljoen, Sarie Terblanche,<br>Wilma Steer, René Arendse, Tina Theron |
| **VRYDAG, 1 DESEMBER** |
| 09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |
| **SATERDAG, 2 DESEMBER** |
| |
| **SONDAG, 3 DESEMBER** |
| EERSTE SONDAG VAN ADVENT<br>BIDDAG IN AANSLUITING BY WêRELDVIGSDAG<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Doop<br>Deuroffer ten bate van: Christen-Vigsburo SA<br>Erediensspan 2 – Elsa Welman<br>GEEN Kleuterkerk<br>09:00 Kinderkerk<br><br>• **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens – Afsluiting<br><br>GEEN **Gemeentetee** |

# GEMEENTENUUS



1. Maureen Robertson (Armani Slot) en Morné Roelofse (Sarah Goldblattstraat) se pa, Kobus Roelofse (voorheen Bottelary Pad) is in Mosselbaai Hospitaal in die intensiewe sorgeenheid.
2. Japie du Plooy (Waterbessiestraat) is weer in die hospitaal opgeneem.
3. Dave Davies (Makvy Slot) het 'n knie-operasie ondergaan.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



26/11 Wilma Groenewald, Banie Steyn(84), Ewis Pienaar(85), Hester Pieterse
27/11 Callie vd Merwe, Meta van Deventer, Elmarene Fischer, Arran de Wet, Rollie Schoeman(83), Francois Hagen, Jenine Westenberg
28/11 Christiaan Coetzee, André du Toit, Gerda Joubert, Henré Smith
29/11 Lynne Nel, Jo-Anne Eksteen, Christa Smit, Elzaan Swart, Dylan Coetzee, Hanna Fourie
30/11 Lyzette Snyder, Thys du Preez, Danika Bruwer, Ruan de Mon, Leila Allie-Reid
01/12 Anru Marais, Elsa Smuts, Wena Janse van Rensburg, Nico Steyn, Anja Smit
02/12 Carlize van Zyl, Cian Myburgh, Dawie Smuts, Freda Brink, Blaise de Reuck

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Predikantebegeleiding**

Dominees skryf agter hulle naam VDM – Verbi Divini Minister. Hulle is bedienaars van die Goddelike Woord. Die kerk is hulle woning en hulle woning die kerk. Oor hulle drumpel stap dié met aansien maar ook dié waarop neergesien word. Stukkende siele wat soek om heelgemaak te word en hongeriges wat smag na brood om hongerpyne te stil; verliefdes met sterre in hul oë en alleen-mense met die skerwe van eens belowende verhoudings in hul hande. Hulle spreekkamers getuig van hartsake en tugsake en kerksake en ringsake; van hartseer en twyfel en verslaentheid en rou. Hulle tree op as vredemakers en arbiters en fasiliteerders en troosters. Op Sondag staan hierdie manne en vroue voor u en sê: *So sê die Here.*

Deur die taakspan Predikantebegeleiding, wat deel is van die diensgroep Gemeentebegeleiding, lewer ons Sinode 'n omvattende ondersteunings- en bedieningsprogram aan al die leraars van ons kerk. 'n Program wat daarop fokus om dominees met hulle bekwaamhede te laat ontwikkel en persoonsgroei stimuleer maar 'n program wat hulle ook verbonde hou aan hul Bron waarin en waaruit hulle optree en veerkragtige en gelukkige dominees verseker. U offer vandag ondersteun hierdie program en daarvoor word dankbare erkenning gegee.

Ds Theunis Botha | pastor@sun.ac.za
Mev Adrienne Bester | 021 808 3382 | bestera@sun.ac.za
Webwerf: https://communitas.co.za

# SENIOR KATEGESE

Ons Senior Kategese verkoop swart vullissakke vir fondsinsameling ten bate van Jeug projekte.



Elke huishouding gebruik swart vullissakke en ons kwaliteit is baie goed.
Dis sterker (40mic) teenoor die winkel (18-20mic) se sakke.

20sakke @ R45 10sakke @ R23

Kontak die kerkkantoor indien jy belangstel.

# NUUS VANUIT DIE KERKRAADSVERGADERING

- Tydens die kerkraadsvergadering van 22 November 2023 is die volgende lidmaat gekies tot die kerkraad:

  Blokleier – Wsg 1: Theunis Kotze
  Blokleier – Wsg 4: Mattheus Kühn
  Erediensspanleier 4: Robert Rootman
  Voorsitter UK: Maartin Oliver
  Onder voorsitter UK: Piet Rootman

# ‘N SONDAG VAN KERSLIEDERE!

1. *Oggenddiens:* Kersliedere saam met Amira Willighagen

Sondagoggend 26 November 2023
Tyd: 09:00
Plek: De Eike

- Beide die bank- en deuroffers sal om praktiese redes by die deure opgeneem word en in verhouding verdeel word tussen die gemeente se eie fondse en die Sinodale deuroffer van die dag.

2. *Aanddiens:* Ons jaarlikse Kerssangdiens
Sondagaand om 19:00
Kom sing saam!

- **Onthou om ‘n kers saam te bring vir die aansteek tydens Stille Nag**

- Deuroffer na afloop van die geleentheid sal wees ten bate van Aksie Samaritaan ten einde hulle te help met aankope vir hul kersfeesprojek. Sien aankondiging hieronder.

# AKSIE SAMARITAAN

Kersfees Projek

Die sopkombuis sluit vanaf 17 Desember 2023 tot 8 Januarie 2024. Op 17 Desember het ons die Kersfees afsluiting waar ons kospakkies en ‘n bederfie uitdeel saam met ‘n ete. Die kospakkies moet ons kliënte help deur die 3 weke wat ons gesluit is. Ons gee ook geskenkies vir die kinders. Om dit alles moontlik te maak kort ons die volgende:

Algemeen:
Kontant bydraes vir kospakkies

| | |
|---|---|
| 200 Hoender boudjies/dytjies | 200 Botteltjies koeldrank |
| 200 Sjokolade stafies | 10 Pakke skroefnoedels |
| 5 Potte “Nola” Mayonnaise | |
| 200 Waslappe | 200 Koekies seep |
| 200 Buisies tandepaste | 200 Tandeborsels |
| 80 Blikkies mans deodorant | 80 Blikkies dames deodorant |

Kinders:

| | |
|---|---|
| 40 Skool rugsakke | 40 Skool skryfbehoeftes stelletjies |

Kontant bydraes vir geskenkies

Kontak vir Jakkie by 082 453 3862 indien jy enige bydrae kan maak of bankbesonderhede benodig.

Mag God jou ryklik seen!

# DIE KOSMANDJIE

Liewe Lidmaat

***Baie dankie*** dat jy deur die loop van vanjaar gehelp het om De Eike se spens /Die Kosmandjie of ons beursie vol te hou.

Wees verseker dat jy 'n verskil gemaak het vir iemand wat soms verleë en moedeloos of bekommerd was.

Dis 'n liefdesdaad wat ook inspireer.

Mag jy 'n heerlike blaaskans geniet en jou mandjie vol vreugde en liefde bly!

Mandjie-groete

# KLERE EN VERE

***Baie dankie vir jou ondersteuning*** van hierdie projek van die Getuieniskommissie.

Vir oulaas vanjaar stuur ons 'n mooi vraggie klere en vere na Merweville.
Ons kon ook vir Helpende Hand help!

Geniet 'n geseënde Kersgety en dink aan ons wanneer jy kaste regpak.

Groetnis
2 Vere

# TIENDEMAANDDANKOFFERINSAMELING

Baie dankie aan almal wat reeds hul bydrae gegee het.

Tot dusver is R262 951.75 ontvang teenoor verlede jaar se R327 615.00.
Ons doewit vanjaar is R350 000.00.

Bydraes kan steeds in die kollektemandjies geplaas word of per EFT betaal word.

**BANKBESONDERHEDE:**
ABSA BANK, Kuilsrivier tak
Takkode: 63 2005
Rekening nr: 3010 59 0069
Verwysing: Tiendemaand

# STERLIG GESKENKE MARK

Kuilsrivier-Suid Sterlig Geskenke Mark

24 November – 9 Desember

Weeksdae 10:00 - 19:00

Saterdae 10:00 – 15:00

Sondae gesluit

Kom koop jou geskenke hier Baie stalletjies, lekker eetgoed

Familie en Vriende kom bymekaar

# STERLIG AANDE

Kuilsrivier-Suid Liggie Aande

1, 2, 3 en 8 Desember

19:00 – 22:00

Families & Vriende kom ontspan

Kyk liggies & eet iets lekker